

1 Mei

Skrifgedeelte: Esegïel 20:1-44

Fokusgedeelte: Esegïel 20:44

God se eer en ons lewe

Besef ons altyd dat die wyse waarop ons leef implikasies het vir die eer van God se naam? Mense wat die naam dra dat hulle Christene is maar nie so lewe nie, bring inderdaad God se eer in gedrang. In God se optrede met sy volk in die tyd van die Ou Testament is daar met tye 'n geweldige spanning sigbaar. Hy het die volk Israel verkies en hulle op 'n besondere wyse aan Hom verbind. Hulle was sy eiendom en moes sy naam in die wêreld uitdra. Wanneer hulle telkens in die geskiedenis die rug op God gedraai het, het die eer van sy Naam vereis dat hulle volgens hulle sonde gestraf word. Tog wou Hy hulle nooit heeltemal vernietig nie, want dan sou die ander nasies ook sy Naam oneer kon aandoen deur te dink dat God nie goed genoeg was om sy volk te beskerm nie. Ter wille van die eer van sy Naam het Hy Juda dus met ballingskap getref as straf op hulle sonde. Ter wille van die eer van sy Naam sou Hy hulle baie jare later weer na hulle eie land laat terugkeer. Hierdie spanning ter wille van die eer van sy Naam word opgelos met die koms van Jesus. Die straf van God was op Hom om juis so vir ons versoening te bring. Juis daarom moet ons so leef dat ons nooit daartoe aanleiding gee dat God se Naam oneer aangedoen word weens ons optrede nie.

Sing: Psalm 18:20

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)